Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 9 Maart 1949 Prys 3d. No. 16

## Propaganda-Fonds

**Na aanleiding van die berig in Die O.B. verlede week dat die tyd nou aangebreek het om die mondstuk van ons propaganda sterk te maak, is die volgende bydrae ontvang:**

**Mev. A. C. Junghans, Exnerlaan, Vredehoek, £2 2s. 0d.**

## Duisende Hernu Vryheidsgelofte

**Dit was 'n skouspelagtige toneel toe 100 lede van die Boerejeug Saterdagaand by geleentheid van Vryheidsdagviering in die Paarl met brandende fakkels, aangesteek deur 'n fakkeldraer, in formasie aangetree het om die plegtige oomblik in te lui. Hierdie skouspel, saam met die reuse-Vryheidsvlam wat 30 voet hoog in die lug opgelek het, was een wat die 1,000 aanwesiges nie gou sal vergeet nie.**

„Vryheidsdag is 'n Afrikanerfeesdag sodat ons getrou sal bly aan ons vryheidsideaal en dit brandend sal hou. Ons doen dit elke jaar en nie net elke vyf jaar nie sodat vriend en vyande kan weet dat ons nog aan ons ideale glo en ons daarvoor beywer," het dr. Erika Theron, Hoofvrou van Wes-Kaapland, die betekenis van die Majubafees aangestip.

Ons moet dwarsdeur die jaar brandwag staan om daardie ideaal waarvoor ons staan te vertolk, uit te leef en standpunt in te neem, het sy gesê. Mense vra soms of dit nog die moeite werd is om hierdie ideaal na te streef omdat ons geslag nie die vervulling daarvan sal sien nie. **Wat sal gebeur het as ons voorvaders dieselfde houding ingeneem het? Ons moet die geloof hê om die ideaal voor te sit en onthou dat ons slegs een fase in die geskiedenis is.**

Dit is ons taak om deur ons dade te toon dat ons ons vryheid waardig is. 'n Volk is nie sy vryheid waardig as hy nie sy taal in ere hou nie en omsien na die minder bevooregtes in sy geledere en sy landsbodem nie.

Die vergadering het plaasgevind onder voorsitterskap van genl. W. Marsh, Waggenl. Max Smuts het die gelofte gelees, terwyl ds. J. A. Pienaar van Ceres die godsdiens gelei het. Genl. John Vorster het die vryheidsvlam aangesteek waarna elke aanwesige 'n stuk hout op die vlam gegooi het en 'n geldelike offergawe gestort het.

# ‚Pad Van S.A. Behoort Nie Aan Een Party,' Sê Adv. Vorster

**„Die Ossewabrandwag wil aan die Afrikanervolk teruggee wat sy eie is. Ons wil geen Duitse stelsel hier oorplant nie, maar ons wil waaragtig nie sien dat die Britse stelsel — waaraan sommige mense reeds verknog geraak het — hier bestendig word nie," het genl. John Vorster van Brakpan verklaar toe hy verlede Saterdagaand 'n Vryheidsdagfunksie in die Paarl toegespreek het waar 'n skare van 1,000 mense op die Skouterrein saamgedrom het. Genl. Vorster het dit ook gelaak dat daar mense is wat maak asof die pad van Suid-Afrika 'n privaatpad of die pad van een politieke party is en dat daar op 9 Maart met die volk op roekelose wyse ge-eksperimenteer word.**

„Ek praat nie met u as die verslaande kandidaat van Brakpan nie, maar as 'n onverslaande offisier van die Ossewabrandwag. Na alles wat die afgelope jare gebeur het, selfs in die oomblikke van my diepste vernedering in 'n onontsmette kaffersel, was ek nooit spyt vir die stap wat ek gedoen het om deel te hê in die stigting van die Ossewabrandwag nie omdat ek glo aan die leier en die ideale van die Beweging," het genl. Vorster onder groot toejuiging gesê.

„Ek is my bewus daarvan dat daar mense is wat aanspraak maak daarop dat hulle bewyse het dat die leier nie te vertrou is nie. **Waarom dan nie met die ‚bewyse' voor die dag kom nie, en word daar net roekeloos met die volk se gevoel gespeel?"**

Met verwysing na Brakpan het spr. gesê dat mense gevra het wat weet 'n O.B.-offisier nou van die politiek. **Maar hulle het vergeet dat dit hierdie mense is wat die spitwerk vir die ou Nasionale Party gedoen het.**

Die Ossewabrandwag is in die lewe geroep om 'n kanaal te gee aan die volksgevoel wat in 1938 opgespring het. Geen politieke party of bestaande organisasie kon aan die doel beantwoord het nie en selfs die Eerste Minister het in 1941 op Winburg die O.B. toegejuig.

### EIE TAAK

„Laat dit duidelik wees: **Die Ossewabrandwag is nie in die lewe geroep om 'n politieke party te wees nie. Nog minder is die O.B. gestig om 'n kultuurvereniging te wees of op ekonomiese gebied op te tree. Daarvoor was die F.A.K. en die Reddingsdaadbond reeds daar. Die O.B. het gekom om 'n einde te maak aan die skeldtaal en die magtelose gemaal in die meule van Simson. Die Ossewabrandwag sê dat jou broer, jou mede-Afrikaner, nie noodwendig sleg is omdat hy aan 'n ander politieke party behoort nie.**

„Waarvoor staan die Ossewabrandwag en wat is sy houding teenoor ander groepe? Ek kan dit nie beter formuleer nie as dat die Ossewabrandwag 'n republikeinse volksbeweging is vir die instandhouding van die Afrikanerdom en die daarstelling van 'n partylose gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard.

„Ons het gedurende die oorlog in opstand gekom teen die onreg wat daar aan die Afrikanervolk gepleeg is en teen die idee dat die Afrikaner onder geploeg moet word. **Ons sal dit nie duld nie en as dieselfde omstandighede hom weer voordoen, sal ons dieselfde doen,"** het spr. onder luide toejuiging verklaar.

### RUBBERSTEMPEL VIR 3/6

„Die partylose gesagstaat is dikwels die voorwerp waaroor moeilikheid ontstaan en mense



GENL. JOHN VORSTER

sê hulle kan nie met ons saamwerk omdat ons 'n diktatuur sou voorstaan. **Ons wil geen Duitse stelsel hier oorplant nie, maar ons wil ook nie sien dat die Britse stelsel in Suid-Afrika bestendig word nie. Ons glo aan 'n verantwoordelike staatshoof. As jy 'n rubberstempel aan die hoof van die staat wil plaas, dan is dit nie nodig om hom £15,000 jaarliks te betaal nie; dan kan ons 'n rubberstempel vir 3/6 laat maak. Ons glo dat die volk oud genoeg is om vir hom 'n leier te kies en te verwag dat hy ons sal lei volgens die sedes en tradisies van ons volk.**

„Wat ons wil hê, is wat ons eie is. Ek lees u voor uit die werk van dr. G. D. Scholtz, onder-redakteur van Die Transvaler — dis 'n werk waarmee hy sy doktorsgraad verkry het. Op bladsy 41 lees ons in verband met die Republiek van die Oranje Vrystaat: ‚Die gevolg was dat die repu-

(vervolg op bl. 8, kol. 4)

## Staatmakers

*'N GEDEELTE VAN DIE OFFISIERE VAN GEBIED E WAT DIEN OP DIE STAF VAN DIE GEBIEDSGENERAAL*



*STAANDE (v.l.n,r,): Genl. J. W. Vorster (Carolina); hfgenl. J. H. Richter (Uniale hoofwaggeneraal); genl. J. J. Gouws (Heidelberg); gebiedsgenl. J. G. S. Opperman; genl. I. M. Prinsloo (Bethal); die K.G., dr. Hans van Rensburg; genl. D. J. Erlank (Johannesburg); hfkomdt. J. L. M. Venter (Potchefstroom); hfkomdt. M. J. le Roux (Losberg); hfkomdt. D. Schoeman (Potchefstroom); hfkomdte. C. Badenhorst (Johannesburg); genl. I. W. Hartman (Krugersdorp); hfkomdt. Z. Eloff (Krugersdorp).*

*VOOR (sittende, v.l.n.r): Genl. J. D. Heroldt (Springs); genl. Barry Grobler (Stafhoof); hfgenl. John Vorster (Rand); hfgenl. prof. F. J. Labuschagne (Wes-Transvaal); genle. K. Malan (Gebied E); hfkomdt. A. H. Steenkamp (Ermelo); komdte. M. C. Erasmus (Krugersdorp); komdt. A. M. Mostert (Balfour); hfkomdte. A. Roscher (Rand); hfkomdte M. A. Gouws (Heidelberg).*

## MEV. M. STEYN VIER 84e VERJAARDAG

Mev. (pres.) M. T. Steyn het verlede Saterdag haar 84e verjaardag aan huise van haar dogter, mev. dr. J. S. du Toit van Seepunt, herdenk. Enkele honderde gaste het die verjaardagviering bygewoon en treffende hulde aan die volksmoeder gebring.

By hierdie geleentheid het die Eerste Minister silwerware wat voorheen aan mev. Steyn behoort het, maar sedert die Engelse oorlog uit die hande van die Steyn-familie geraak het, aan haar terug gegee. Dit is onlangs in die huis van die Goewerneur-generaal gevind.

# TWEELING LAAT VLAM WEER BRAND

**Ses-en-twintig Februarie was vanjaar werklik in alle opsigte vir Tweeling en sy Afrikanergemeenskap 'n Amajuba, berig ons korrespondent.**

Die Brandwagte het gedurende die middag in die Koffiehuis van mev. W. Dreyer byme-kaar gekom en is daar deur die O.B.-vroue getrakteer. Hoofkomdt. D. F. Meyer het ook verslag gedoen van die offisierslaertrek te Kroonstad en daarop gewys dat indien die H.N.P. werklik gemeen het dat blank Suid-Afrika in gevaar is, hulle samewerking sou gesoek het en nie die O.B. gelyk wou stel met die status van kleurlinge nie. **Hul optrede bewys vir ons slegs hoe die partydiktatuur werk. Ons vrees dat indien ons die H.N.P. nou help in hul strewe na alleen bestaansreg, ons geen respek vir ons volk, ons self en ons leiers meer het nie, het spr. gesê.**

### FAKKELS

Om agtuur het almal op die terrein saamgekom waar die vuur aangesteek sou word. Hier is fakkeldraers opgestel en die verrigtinge is volgens program afgehandel. Dit het begin met skriflesing deur oudl. G. P. Kemp en 'n baie ernstige volkstoespraak is deur mnr. F. J. Lessing gehou waarin hy die slag van Amajuba behandel het. Hy het die aanwesiges gewaarsku dat die vryheid van ons volk op godsdienstige en ekonomiese gebied bedreig word deur die tradisionele vyand wat reeds stelling ingeneem het. Die vlam is aangesteek deur komdt. F. Oosthuizen.

### BESWADDER

'n Welkome reën het die verrigtinge onderbreek wat daarna voortgesit is in die saal waar hfkomdt. Pitaut van Bethlehem op treffende wyse die verskil verduidelik het tussen die partystelsel en wat die O.B. wil. Treffend was die voorstelling van die worsteling van die partyleiers om op die boonste sport te kom en dan nie om te gee hoe hulle mekaar beswadder nie om net hulle doel te bereik, terwyl die O.B. mekaar die hand gee en mekaar ophelp om bo-op die sport te kom.

Hfkomdt. Meyer het almal hartlik bedank vir hul aanwesigheid en oudl. G. P. Kemp het die verrigtinge met gebed afgesluit.

Tweeling het ook op 26 Februarie die geleentheid gehad om die nuwe gebou van die Tweeling Ko-operatiewe Handelsvereniging waarvoor 11 jaar gewerk is, in diens te neem.

(Berig deur mev. A. M. S. Pieters, Posbus 1, Tweeling.)




WEES BESKERM!

MOTOR-Assuransie by—

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.


# Geen Yskas Kan Ideaal Van Republiek Vernietig

**„Die ideaal van vryheid en strewe na 'n eie Boererepubliek is glad nie dood nie. Geen yskas kan dit doodkry nie. Dis intiem saamgeweef in die patroon van ons hele volksverlede soos 'n goue draad. Dit is 'n geheiligde ideaal en lê ten grondslag van ons hele volksbestaan. Ons kan nie anders as republikeins wees nie," het mnr. B. C. Schutte, 'n oud-politieke gevangene van Potchefstroom, op 19 Februarie by Mooi Eiland, Parys verklaar by geleentheid van 'n Vryheidsdagfunksie.**

Die republikeinse ideaal bly 'n lonkende ster in die verskiet en die stryd om dit te verwesenlik moet voortgaan, al geskied dit ook strompelend en bebloed in die donker nag. Spr. het die stryd sedert 1938 toe die gees van „ek is my broer se hoeder" die land beetgepak het, geskets. Sedert 1940 het die swakheid van partybelang voor volksbelang weer sy verskyning gemaak. Veral 1941 staan diep in spr. se geheue ingegraveer vanweë die sogenaamde volksvergadering op Bloemfontein en die uitroeping van die sogenaamde volksleier. „Hier het die diktatuur van die party by ons nasionale Afrikanerdom sy beslag gekry. Hoe kon die beraadslaging van die Eenheidskomitee ooit suksesvol wees? **Hulle wou dan 'n republiek soos ons dit wil hê. Hulle wou die volk verhef bo die party. Hulle het dan die idee van 'n gesagstaat, Christelik en nasionaal, voorgestaan. Daarin was geen plek vir partydiktatuur nie,** en geen waarborg dat die sogenaamde volksleier president sou word nie. Waar wou u 'n mooier samevatting uit die hand van deskundiges gehad het as in daardie gewraakte omsendbrief 1/41? En wat was die destydse beswaar daarteen? Die aankondiging en propagering daarvan was die alleenreg van die party en die partyleier!"

### BROOD VAN SMARTE

In die stryd wat daarop gevolg het, het mede-republikeine dikwels in party-verblindheid ons brood van smarte laat eet toe ons moes verneem: „Ek verklaar jou eed van trou aan jou volk en ideaal ongeldig, want jy is verlei"; „jou leier skakel met Smuts en die Stormjaers is rampokkers". Maar tog, ons ore was gedurig gespits en gedurig is die geroep gehoor: Kom oor en help ons. Dit was flou maar tog onmiskenbaar die roepstem van 'n volk.

Op versoek van die K.G. het ons by die A.P. aangesluit. Ons het gehuiwer want ons het wars gestaan teen partypolitiek. Maar ons het hierdie offer gebring. Daar voor is die republiek wat offers vra. En op 26 Mei het ons weer die Vierkleur uitgehaal. Het u toe gedink aan die O.B., A.P. of H.N.P.? Het u nie ook op u knieë geval en God gesmeek om ons krag te gee en groot genoeg te maak om hierdie geskenk uit sy hand tot heil van die volk uit te buit?

### GEEN GRIL

**Die ideaal van die Afrikanervolk is nie die gril van 'n paar heethoofde of opstokers nie. Net soos ons voorsate het ons patriotiese liefde vir ons eie. Die enigste werklike eie staatsvorm hier by ons is 'n Republiek met 'n president. Daarom is arbeid gedryf deur liefde heerlik.**

Volg u leiers ter wille van hul persoon? het spr. gevra. Gelukkig het ons in ons volksgeledere nog leiers wat nie verleiers is nie. Lei die K.G. ons reg? Vir ons is die antwoord duidelik. As ons sê ons volg die leiding van die K.G. dan is ons ryk en hy is ryk, want dan lei hy ons omdat beide hy en ons dienaars is aangevuur deur dieselfde ideaal. **Ons volg hom omdat hy die doel wat ons nastreef so duidelik dien en by ons inskerp. Ons volg hom omdat hy 'n groter dienaar is as ons self. So 'n leier vergader, sy roede verjaag nie, dit wil besinning bring.**

### KRUGER-VOORBEELD

So 'n leier was Paul Kruger. Hy het hom nie deur partyskappe laat bind nie. **Selfs sy verslane opponent het hy in sy kabinet opgeneem. Daar was geen partye wie se belange gedien moes word nie. Sy regering was geen slawe van partykoukusse nie. Hulle kon die land regeer volgens die lig wat hulle ontvang het sonder om deur die koukus gedwing te word om die land te verraai ter wille van die volgende stembus.**

Dit is die Republiek wat ons verlang. Daarom, vriende, sit u skouer aan die wiel. In 1881 het genl. Piet Joubert met onverbiddelike vasberadenheid en met 'n geloofsoog die taak aangepak en die klein Gideonsbende het met biddende harte Amajuba bestorm. Is ons daarvan oortuig dat ons nie weer na aan 'n Majuba staan nie? Daarom doen wat die hand vind om te doen.

Die verrigtinge is gelei deur hfkomdt. G. Prinsloo terwyl 'n orkes onder leiding van mnr. Keyser van Parys musiek verskaf het. Daar is ook vleis gebraai.

**MAKSIMUMPRYSE** vir herstelwerk aan motors sal eersdaags deur die regering aangekondig word. **Die pryskontroleur het onlangs opdrag gegee dat die pryse van herstelwerk ondersoek word.**

**Die aankondiging van die regering is deur motorklubs verwelkom omdat dit blyk dat baie garages buitensporige pryse vir herstelwerk vra.**

★

**Sowat 3,000,000 bale lusern** is vernietig as gevolg van 'n brand wat naby Upington uitgebreek het. Die verlies word op baie duisende ponde geskat, maar daar word verklaar dat dit nie 'n skaarste sal veroorsaak nie.

# Groot Marico Se Fees

**Generaalskap F9 het op 26 Februarie Vryheidsdag te Groot Marico gevier. Die opkoms was goed, hoewel die ongunstige weer, sommige tuis gehou het.**

Onder leiding van genl. P. M. van Niekerk en Wagkomdt. C. J. Eksteen, het al die verrigtinge goed van stapel geloop.

As spreker het Hfgenl. J. F. Marais van Pretoria opgetree. Onder sy inspirerende toespraak het al die aanwesiges nuwe moed geskep, om met



GENL. J. F. MARAIS.

meer vasberadenheid die stryd van die O.B. in hierdie tyd van politieke Chaos voort te sit.

Uit die toespraak van genl. Marais, het dit nog meer duidelik geblyk, dat ons volk, sy deur selfrespek, eerbaarheid en vertroue in die Opperwese gered kan word en deur geen kruisie nie.

Presies om nege uur is die Vryheidsvuur aangesteek. Die verrigtinge was reeds afgedaan toe die vlamme nog steeds hoog geslaan het. — (Ingestuur deur komdt. A. M. C. van Niekerk, P.K. Kuilfontein, oor Zeerust.)




BEROEMD en WELBEKEND oor die 66 jaar vir BESTE WAARDE in

KLAVIERE

VLEUELKLAVIERE HUIS- EN KERKORRELS




sowel as alle ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.

GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE

BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

# WAAROM EK LID VAN DIE A.P. KAN WEES

**Onderstaande is 'n afskrif van 'n brief geskryf deur mnr. D. W. R. Hertzog van Pretoria aan 'n vriend waarin hy rekenskap gee van die O.B. se houding ten opsigte van die Afrikanerparty. Omdat hierdie saak in kringe buite die O.B. vry algemeen onverstaanbaar voorkom, kan publisering daarvan van nut wees vir diegene wat eerlik ondersoek instel:**

Goewermentslaan 760,
Pretoria.
9 Februarie 1949

Beste Vriend,

Jy vra my hoedat radikales so begaan kan raak oor die regte van gekleurdes.

Jou vraag is natuurlik abstrak gestel, maar ek vermoed dat dit in concreto lees: „Hoe is dit dat jy (julle), wat as Brandwagte die aktiwisme aanhang, met openlike en verklaarde regverdiging van die heersersvolk gedagte, tog die A.P. ondersteun terwyl laasgenoemde nie bereid is om naturelleverteenwoordiging in die parlement af te skaf met 'n meerderheid van 'n paar lede nie?" As ek jou vraag verkeerd verstaan het, help my reg, maar as ek dit reg verstaan het, is die antwoorde velerlei, almal natuurlik beter gestel in 'n gesprek dan in 'n brief wat maar haastig bewoord en bedink word. Ewenwel:

(a) As mens liewers bofbal speel as krieket, maar jy word nou verplig om krieket te speel, dan kan jy nie bofbal-tegniek onveranderd toepas nie. Elke spel het sy eie tegniek: Die durwende aktiwisme een metode; die versigtige demokrasie 'n ander. Wat by die een vanselfsprekend is, is by die ander onvanpas en selfs gevaarlik.

**AFRIKANERSKAP**

(b) Ons is in die A.P. o.a. omdat geen ander party 'n „nazi-besmette" Brandwag soos ek binne sy heiligdom wil toelaat nie. Havenga, wat selfs **teenoor wyle genl. Hertzog die demokrasie verdedig het, het geoordeel dat goeie Afrikanerskap darem voldoende opweeg teen 'n slegte demokratiese verlede of hede. Van ons kant weer: As mens graag 'n mooi nuwe huis wil bou, slaap mens nogtans nie intussen in die reën nie.** Jy huur maar wat jy kan kry. Hoewel ons en die H.N.P. 'n republiek begeer, neem ons en, let wel ook hulle, tog intussen deel aan die Regering van sy Majesteit se vrygewes Suid-Afrika. Mens gaan nie op 'n hongerstaking net omdat jy nie dadelik die beste brood kan kry nie.

(c) Vir die demokratiese parlementêre stryd aanvaar jy die beste leier wat jy vir daardie doel kan vind. Al sou dit gebeur dat jy op 'n spesifieke punt van hom verskil, dan volg jy hom nogtans omdat jy glo in dissipline teenoor eiewysheid. Jy beoordeel immers 'n leier, 'n saak, 'n party, 'n plaas, 'n besigheidsproposisie, of wat ookal, in sy geheel. Jy verwerp jou leier of party eers as hy, as geheel beoordeel, misluk; nie net omdat jy op een of ander punt van hom toevallig verskil nie.

**GESONDE BELEID**

(d) **In die onderhawige geval is die beleid van mnr. Havenga toevallig boonop gesonde beleid vir 'n demokratiese bewind wat die parlementêre demokrasie as die hoogste goed sien en dit tot in lengte van dae behoue wil sien.** Die argumente vir hierdie laaste stelling is reeds so volledig behandel in „Die Vaderland" en deur mnr. Havenga self dat ek jou nie wil verveel deur dit te herhaal nie.

Noudat ek daarna kyk vrees ek dat ek my in elk geval bietjie daaraan versondig het om die ooglopende te beklemtoon, maar hoewel ons nuus vir Brandwagte kry ons houding maar min publisiteit elders. Soos jy weet is die H.N.P. se koerante selfs vir ons advertensies gesluit, om van die Sappe se blaaie nie eens te praat nie. Ek dink jy sal, na bostaande, instem dat my houding, sekerlik nie onver-

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

klaarbaar is nie. Maar soos ek gesê het, moet ons eendag weer gesels oor die dinge want daar is nogal baie andere wat netsoos ek maar ons bes doen om ons ronde vorm so goed as moontlik in die demokratiese vierkant te laat pas. As ons dan hier of daar bietjie potsierlik vertoon moet jy maar onthou die toestande is nie van ons eie keuse nie. Die waarheid, oor staatsvorm en staatsbeleid netsoos oor enigiets anders, is iets wat mens moet bely soos jy hom self sien en nie soos andere hom sien nie. Ook al is die andere dalk reg en jy verkeerd. Gelukkig kan ons dit doen binne die A.P. hoewel die H.N.P. ons nie wil toelaat tensy ons ons eie eerlike oortuigings afsweer nie. **Hierdie houding van mnr. Havenga is in sigself al voldoende rede om hom te ondersteun ook in dinge waarvan ons dalk van hom mag verskil. As daar net een man is wat jou sy huis binnenooi kan jy nie binnekant gaan moleste maak nie!**

# DESPATCH VIER VRYHEIDSDAG

**Die Ossewabrandwag van Uitenhage en Despatch het Vryheidsdag op 26 Februarie herdenk by die Vroue- en Kindermonument te Punnels-Mill waar die vlam weer hoog gebrand het.**

Genl. P. M. du Plessis het by hierdie geleentheid 'n pragtige en besielende toespraak gelewer. Hy het gewys op ons dapper voorgeslag en die vertroue in God waarmee genl. Piet Joubert Amajuba bestorm het. Hy het dit betreur dat daar vandag so min van 'n republiek gehoor word. Die stryd van die manne en vroue en kinders gedurende die afgelope oorlogsjare was nie tevergeefs nie en ons sal die stryd voortsit vir 'n vrye en partylose republiek. — (Kor.)

# KAKAMAS LAAT VLAM BRAND

Die manne- en Vroue-Kommando's van Kakamas het vanjaar weer Amajubafees gevier by die koppies bokant die ou Skietbaan. Om 6 nm. is die **vlaghysing uitgevoer onder toesig van Veldk. A. J. Burger, waarna Komdt. G. F. J. van Rensburg met 'n paar woorde die verrigtinge geopen verklaar het.**

Komdte. E. J. van Rensburg en haar offisiere het allerhande lekkernye te koop aangebied en ook die Boerejeug het 'n afsonderlike tafel gehad.

Deurdat die lug oortrek was met swaar donderwolke en dit geskyn het asof 'n storm enige oomblik kon losbreek, was die opkoms nie bevredigend nie. Nogtans was dit verblydend om onder die aanwesiges verskillende persone te sien wat nie lede van die O.B. is nie.

'n Skaap wat Brandwag Stadler geskenk het is opgeveil en het £12 behaal. Die Jeug het £3 ingesamel en die totale insameling het byna £32 beloop.

Teen 8 uur die aand het 'n hewige stofstorm gewoed maar komdt. v. Rensburg het die Skriflesing en gebed waargeneem en nadat alle aanwesiges 'n stukkie hout op die Majubavuur gewerp het en die Gelofte gelees is, is die verrigtinge gesluit. — (Korr.)

# Vrugtefees Op Constantia

**Die jaarlikse vrugtefees ten behoewe van O.B.-dagfonds op die plaas Welgeleë van mnr. en mev. J. R. Lategan, vind plaas op Saterdagmiddag, 19 Maart.**

**Diegene wat tevore komdte. Lategan se vrugtefees bygewoon het, sal ongetwyfeld weer almal daar wees saam met hul vriende.**

# KOFFIEFONTEIN ALWEER WERKLUSTIG

**Saterdagaand, 26 Februarie het die Kommando van Koffiefontein vergader op die plaas Lentelus waar die vryheidsvlam op 'n koppie aangesteek is deur komdt. J. Immelman.**

Veldkt. H. du Toit was verantwoordelik vir die verrigtinge van die aand en het hom deeglik van sy taak gewyt. Nadat hy Psalm 94 gelees het, het die kommandant 'n kragtige gebed gedoen en is die gewone prosedure gevolg wat afgesluit is met die sing van „Die Stem."

'n Baie aangename atmosfeer het daar geheers sodat niemand lus gevoel het om dadelik na afloop van die verrigtinge huiswaarts te keer nie. O.B.-liedere is gesing en daarna is serste. J. Theron gevra om kortliks verslag te doen van die offisierslaertrek te Kroonstad van 15 Februarie.


Die lede het eenparig die gevoel openbaar om hulle neer te lê by die besluit van daardie vergadering.

**Daarna is wenke aan die hand gedoen om dadelik te begin met die insameling van geld vir 8 Augustus want, almal is met nuwe moed besiel en voel 'n behoefte tot aktiwiteit.**

(Ingestuur.)


**Is Medisyne Noodsaaklik?**

***Die Natuurwetenskap sê nee!***



**Die Bron van Siekte**

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**
**Met Verbasende Uitslae**
**GEEN MEDISYNE!**
**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

**Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.**

**Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.**

**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**
**Posbus 1336 — KAAPSTAD**


**ONS HELP HULLE WAT ONS HELP. DIE ADVERTEERDERS HELP ONS.**


**TRANS-AFRIKAANSE VERSEKERINGSMAATSKAPPY.**

**'n Eg onafhanklike Suid-Afrikaanse onderneming wat deskundige versekeringsdiens aanbied — lewensassuransie uitgesluit.**

**• BRAND • ONGEVALLE**
**• MOTOR • MARINE, ENS.**

**Voorsitter van die Direksie: PROF. L. J. DU PLESSIS**

**HOOFKANTOOR:**
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG
Telefoon 33-3892 - Tel. Adres „VERSEKER"


**AGENTSKAPPE DWARSDEUR SUID-AFRIKA**
AANSOEKE VIR AGENTSKAPPE WORD VAN VLYTIGE AGENTE INGEWAG

ALGEMENE BESTUURDER - - A. C. KILBURN




# Versigtige verpakking verseker veilige aflewering


**Dit is ONSEKER** | **Dit is VEILIG**




Moenie goedere los verpak nie.




Maak alle ruimtes styf vol.



Moenie swak kartondose vir swaar goed gebruik nie.



Gebruik stewige houers wat die inhoud sal steun en beskerm.



Moenie breekbare goed onbeskerm verpak nie.



Draai elke stuk apart toe met 'n beskerming van strooi of papier.

ONTHOU TOG OM U VRAGBRIEWE TE HOU.

As u pakkie die moeite werd is om te versend, is dit die moeite werd om veilig versend te word. Pak sorgvuldig, bind goed vas en adresseer volledig en duidelik. Ons sal die res doen.

Die Spoorweë behoort aan u—eise word met u geld betaal

*Hierdie is die eerste in 'n reeks wenke, geplaas deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, en gemik op die veilige vervoer en snelle aflewering van goedere.*

DIE O.B., WOENSDAG, 9 MAART 1949

# DIE VERKIESING

Teen die tyd dat ons blad op meeste plekke gelees word, sal die uitslag van die verkiesing waarskynlik reeds bekend wees. Op die oomblik van ons skrywe is daar nog geen aanduiding van hoe die stryd uitgewys sal word nie. Wat ons wel weet is dat 'n baie groot deel van die Afrikaans-nasionale volksdeel hierdie keer buitestanders was en dat baie O.B.-lede hul in daardie geledere bevind het. Die redes waarom dit so was, is voldoende uiteengesit in hierdie blad wie se taak dit was om die beskuldigings te weerlê dat „die man wat sy stem weerhou die man is wat sy nasie vermoor". **Ons het afdoende genoeg aangetoon dat die stryd nie 'n AFRIKANER-stryd was nie, want goeie Afrikaners soos mnre. Max Smuts, Francis Robertson en Machiel Eloff is met opset uitgesluit van aktiewe deelname.** Gevolglik het duisende O.B.-lede dit as 'n suiwer H.N.P.-verkiesing beskou en dus ook hul stemme weerhou.

Aan die ander kant was daar wel 'n aantal O.B.-lede wat te kenne gegee het dat hulle ten spyte van dr. Malan se vyandskap tog gaan stem. Hulle het geglo dat hulle hul volk daardeur dien. Vir hierdie selflose poging vir die soveelste maal, verdien hulle die bewondering van die hele volk. Hulle is goeie O.B.-lede en hulle sal dit bly. Waar van sekere kant dikwels gepraat is van „bevele om nie te stem nie," mag hierdie mense onder die indruk verkeer dat hulle ondissiplinêr gehandel het. **Dit is nie so nie. Daar was geen bevel of opdrag aan O.B.-lede om nie te stem nie. Op Wellington het die K.G. baie uitdruklik gesê dat dit 'n gewetensaak is en die O.B. niemand se gewete gaan dwing nie.** Wel het offisiere op verskeie plekke hul standpunt uitgespreek by wyse van besluite, maar opdragte was daar nie. **Lede wat gaan stem het, het dus die volste vrymoedigheid om hul plek binne die Beweging te hou en niemand sal hulle daaroor verwyt nie. Inteendeel, ons respekteer hulle vir hul selfloosheid.**

**VERSTAANBARE TAAL**

Aan die anderkant het die O.B.'s wat buite stemming gebly het, ook volgens hul gewete gehandel. **Hulle was oortuig van die noodsaaklikheid om die H.N.P.-leiding na agt jaar van toegewings tot besinning te bring in die enigste taal wat politici verstaan, naamlik stemme.** Hulle was oortuig dat samewerking — die grondbeginsel van die O.B. — in gevaar gestel word deur hierdie gedurige uitskakeling van Afrikanerkragte op grond van persoonlike vetes uit die verlede. Daar moes halt geroep word voordat hierdie proses van verbrokkeling te ver ontwikkel en naderhand duursame beslag kan kry. Of hulle geslaag het in hul doel, sal die uitslae môre en oormôre wel bewys.

Maar wat die uitslag ook al mag wees, vir diegene wat die leiding op hulle geneem het om die volk se welsyn by die stembus te verdedig, behoort dit nou duidelik te wees dat daar nie voortgegaan kan word met 'n beleid van uitskakeling van Afrikanerkragte in 'n stryd waartoe alle blankes opgeroep word nie. **Teen so 'n beleid is die verset besig om aan te groei.** Ons het immers te doen met vlees en bloed en as jy aanhou om die deur in 'n man se gesig toe te klap, sal hy naderhand van daardie deur wegbly.

**Ons wil dus hoop dat dit die laaste maal sal wees dat O.B.'s voor die moeilike keuse gestel sal word om tegelykertyd VIR hul volk maar TEEN hul Beweging te stem — vir 'n party op wie se vaandel aan die een kant volksbelange maar aan die ander kant uitwissing van die republikeinse O.B. geskrywe staan. Dit was van begin af 'n onhoudbare keuse, maar die onhoudbaarheid het hom in die afgelope verkiesing sterker as ooit vertoon.**

# Moskou Se Arm

Min. Eric Louw het in een van sy verkiesingstoesprake verlede week die slapendes in die land tot beroering geskok toe hy die Russiese konsulaat van ondermynende bedrywigheid beskuldig het. Hy het beweer dat hierdie verteenwoordigers van Moskou die middelpunt is van kommunistiese propaganda in Suidelike Afrika en dat hulle selfs tot in die Belgiese Kongo opereer. Hy het verder verklaar dat daar gereelde boodskappe tussen Moskou en Pretoria geneem word.

**Dit is 'n baie ernstige beskuldiging, maar dit onderstreep slegs wat Die O.B. al vir die afgelope jare beweer. Getuienis uit alle dele van die wêreld dui daarop dat Russiese diplomatieke verteenwoordiging en spioenasie vervleg is en dat solank jy die een duld jy die ander toelaat.**

Maar aangesien dit nie meer Die O.B. alleen is wat hierdie stelling handhaaf nie, en 'n kabinetsminister stawende feite genoem het, kan die vraag gestel word: **wat gaan die regering doen daaromtrent? Gaan dit bly by 'n blote verkiesingstoespraak of gaan die regering ooreenkomstig die feite handel?**

As dit waar is dat die Russiese konsulaat die skakel is tussen Moskou en kommunistiese ondergrawing in Afrika,

*(vervolg in volgende kolom)*

*(vervolg van vorige kolom)*

dan sou dit 'n misdaad teenoor Afrika en sy inwoners wees indien hierdie skakel 'n dag langer voortbestaan. Dit is wel waar dat genl. Smuts in die eerste plaas verantwoordelik is vir hierdie skakel, en ons het indertyd en daarna teen hierdie stap gewaarsku. **Maar die kwaad wat genl. Smuts aangerig het moet ongedaan gemaak word hoe gouer hoe beter, en tans rus daardie verantwoordelikheid op die huidige regering.**

Die indruk wat Die Burger in 'n hoofartikel skep as sou daar eers „bewyse" gevind moet word voordat die konsulaat gesluit kan word, moet verwerp word. Diplomatieke verteenwoordiging is 'n voorreg en die feit dat dit eenmaal toegestaan is, verskaf geen servituut aan die betrokke staat nie. Die wêreld het oorgenoeg bewyse van Moskou se wil en vermoë om nie-kommunistiese lande te ondergrawe, en die blote feit dat die Unie na tien maande van nasionale bewind nog met hierdie ondergrawer se verteenwoordigers sit, is 'n versuim teenoor die volk wat op 26 Mei verlede jaar teen die invoerder van die rooi revolusie se voorpos gestem het.

**Ons wil dus vertrou dat die eerste wat die volk weer van die Russiese konsulaat sal verneem, 'n aankondiging sal wees dat hy gesluit is.**

# Ernstige Aanklag Teen Sowjet-Konsulaat

**Die Russiese konsulaat in Pretoria is sonder twyfel die middelpunt van die Kommunistiese propagandaveldtog in die Unie en Suidelike Afrika. Daar gaan ook elke maand 'n boodskapper met geheime dokumente na Moskou, het die Minister van Ekonomiese Sake, mnr. Eric Louw, op Middelburg (Transvaal) verlede week verklaar.**

Die duisende propagandabiljette wat tans in die Belgiese Kongo versprei word, het hulle oorsprong in die Russiese konsulaat in Pretoria, het hy gesê. Besware word al 'n geruime tyd ingedien teen die bedrywighede van die konsulaat. Die polisie beskik oor die inligting dat die propaganda van die Kommuniste die afgelope maande geweldig toegeneem het. Dit kom hoofsaaklik uit die kantoor van die Russiese konsulaatgeneraal in Pretoria.

Die handelsbetrekkings tussen die Unie en Rusland regverdig geen diplomatieke verteenwoordiging nie. In Suid-Afrika is geen Russiese burgers wat beskerming nodig het nie. Tog is die personeel van die konsulaat buitensporig groot vir die werk wat gedoen word.

**BAIE ERNSTIG**

**Die toestand is baie ernstig. Die Russiese metode om deur middel van sy konsulate die onskendbaarheid van vriendskapsbande te ondermyn is baie bekend. Wat in Kanada gebeur het kan ook in Suid-Afrika gebeur.**

Mnr. Louw het veldm. Smuts verwyt dat hy verantwoordelik is vir die Russiese konsulaat in Suid-Afrika.

In Durban het mnr. Louw sy verklaring oor die Russiese konsulaat gekwalifiseer en gesê dat hy „persoonlik min daaraan twyfel dat die Russiese konsulaat ook die hoofkwartier is van die Kommunistiese propaganda in Afrika, Suid van die ewenaar." **Volgens 'n ondersoek wat die polisie ingestel het, blyk dat die literatuur wat in Midde-Afrika versprei word, hul oorsprong in Pretoria het.**

Die Russiese konsul het in antwoord op die beskuldiging van mnr. Louw verklaar dat die verklaring nie met die feite strook nie. **Hy het toegegee dat die personeel uit vyftien lede bestaan en dat Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van 1947 (jongste syfers) niks na Rusland uitgevoer het nie. In dieselfde tydperk is goedere ter waarde van £20,000 uit Rusland ingevoer.**

# GEEN NUWE WETTE TEEN ROOIES

**Net soos Die O.B. 'n tyd gelede berig het, skryf Die Burger, hooforgaan van die regering na aanleiding van die toespraak van min. Louw, dat optrede teen die Kommuniste waarskynlik inhou dat geen nuwe wetgewing ingedien sal word nie maar dat daar kragtens bestaande wette opgetree sal word teen persone wat blank en nie-blank teen mekaar oprui.**

Die blad verklaar dat kragtens 'n mag wat 20 jaar gelede van die parlement gekry is, kan die Minister van Justisie persone se bewegings beperk en hulle verbied om in sekere gebiede te bly. Daar hoef geen hofgeding te wees nie. Die beperking kan enige tydperk duur en 'n distrik waar die persoon moet bly, kan voorgeskryf word. Verbanne persone kan hulle nie teen die bevel versit nie.

**Waar agitators uit die buiteland kom, kan hulle gedeporteer word.** Die blad meen dat sodanige optrede daarop sal uitloop dat dit die kommunistiese organisasie sal ontwrig.

Die berig lui ten slotte dat die regering goed op hoogte is met die bedrywighede van kommuniste in die land, **„ook van nuwe inkomelinge."**

**Die vraag kom op wat „nuwe inkomelinge" in die land nog maak indien hulle hul met kommunistiese bedrywighede ophou? Is dit nie die plig van die regering om sulke rooi immigrante sonder meer uit te sit in plaas van net dop te hou nie?**

*Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."*

## Korreksie Vir Artikel Van A. J. van Rooy

**In ons uitgawe van 23 Februarie het 'n artikel van A. J. van Rooy verskyn oor die vraagstuk van 'n nuwe wetgewende hoofstad en stelsel in ooreenstemming met ons volkstradisie. Ongeveer in die middel het 'n baie steurende reeks drukfoute die gang van die artikel heeltemal verwar. Ons plaas hierby die korrekte paragrawe sodat lesers wat hul blaaie bewaar, dit kan korrigeer:**

**SOOS IN ENGELAND**

**Wanneer 'n nuweling lid word, moet hy vooraf leer hoe mens in Engeland maak, want alle parlementêre gebruike kom van daardie land. (Was dit i.p.v. Engeland, Holland, Duitsland of Frankryk sou dit 'n VREEMDE stelsel van 'n VREEMDE land gewees het.)**

In Kaapstad leef die uitlands-Engelse tradisie, soos ook deur Rhodes uitgeleef, betreklik ongesteurd voort. Hier en daar is daar 'n vertalinkie soos „Sweep" vir „Whip", maar verder kry ons agbare Volksraadslede die ruimste geleentheid om die beste Britse tradisies uit te lewe op die beste Britse manier.

**„VREEMDE STELSELS"**

Volksraadslede wat hulleself hier goed tuisgemaak het, praat graag van „vreemde stelsels", maar dit is nou duidelik dat hulle woorde alleen met die grootste versigtigheid aanvaar kan word. **Onthou moet word dat „vreemd" baie maklik kan beteken „vreemd aan die Britse tradisionele parlementêre inrigting en gebruike."**

Die Kaapse Parlementshuis het dan ook nie vir die Afrikaner die roem verwerf, wat buite verwerf is nie. Met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog was die ministerie Schreiner aan bewind — daargestel deur die **Afrikanerbond.** Vir die Boererepublieke het dit nie veel beteken nie. Hierdie regering het so 'n rukkie 'n weifelende bestaan gevoer; daarna het daar **verdeeldheid** gekom. Die regering het geval en is vervang deur 'n Jingoregering wat die Britse tradisie beter kon uitlewe. **Opvallend dat die Afrikaner in dieselfde gebou in 1914 en 1939 —, die twee oorloë wat op die Anglo-Boere-oorlog gevolg het — ook maar weer aan die kortste end getrek het.**

**WEG VAN RHODES**

Nee, as ons moet besluit waar die gebou vir die wetgewende gesag opgerig moet word — veel liewer in die stad van Kruger!! Ons wil wegkom van Rhodes af!

**Indien daar 'n nuwe Volksraadsgebou in Pretoria opgerig word, moet dit ingerig word in ooreenstemming met die eie Suid-Afrikaanse tradisie. Dit moet so eie wees aan hierdie land as wat Westminster aan Engeland is.**

# „BEKLADDING" EN „BEVELE VAN BO"

**Mnr. Chris van Ryswyk, Dennesigstraat, Stellenbosch, skryf:**

In die jongste uitgawe van u blad verskyn o.a. twee briewe wat 'n mens aan die gulde reëls van die Spreuke-boek herinner nl., om nie alle mense van 'n antwoord op hul rede te bedien nie.

Hierdie twee vriende, mnr. Stassen van Pretoria en mnr. Coetzee van Lichtenburg, verkeer egter in so 'n politieke duisternis dat 'n mens uit simpatie verplig voel om hulle van 'n paar teregwysings te bedien.

Mnr. Stassen by voorbeeld kla oor die „beklading" van die H. N.P. in u blad. Sou mnr. Stassen al daaraan gedink het dat „bekladding" ook 'n ander betekenis het as die geykte term wat van partypolitieke platvorms gebesig word? „Bekladding" beteken eintlik om iemand agter sy rug te probeer swart smeer. 'n Voorbeeld hiervan is die Vrymesselaarsbriewe- en skakelstories waarvan ons so veel verneem het dat selfs mnr. Stassen dit nog behoort te onthou.

Wat mnr. Stassen dus „bekladding" in u blad noem, sou 'n normaaldenkende mens eintlik 'n ander term voor kan gebruik nl. „waarheid wat seermaak." Dit pynig omdat wat gesê word, met vers en kapitel bewys word en mnr. Stassen gevolglik nie anders kan as om die prik van die waarheid te voel nie, want hy is „'n **nougesette** leser van u blad."

Mnr. Stassen weet van 'n paar Stormjaers „wat heeltemal koud en onverskillig teenoor Afrikaner-bewegings geword het." Ja, mnr. Stassen ek stem met u saam. Dit is uiters tragies dat van hierdie manne, wat alles veil gehad het vir 'n Suid-Afrikaanse republiek en 'n verenigde Afrikaanse nasie, nou heeltemal „koud en onverskillig teenoor Afrikaner-bewegings geword het." **Kan u hierdie manne dit kwalik neem mnr. Stassen, as hulle met afsku terugdeins van 'n terrein waar met hul heiligste ideale bollemakiesie geslaan word? Of moet ek u dalk daaraan herinner dat dieselfde Volksleiers wat in 1933 die ramp van 'n volkskeuring wou trotseer liewer as om met die Engelse en Jode saam te werk en hul republikeinse ideaal prys te gee, geen twee dekades later nie, met hul een hand om die nek van Miles Cadman en die ander om J. Nossel se nek sit, en daardie Stormjaers en hul bewegings verguis omdat hulle 'n republikeinse ideaal propageer?** Vir iemand wat Die O.B. so „nougeset" soos u lees, behoort dit nie moeilik te wees om vas te stel wat die oorsaak van baie mense se misnoë met Afrikaanse bewegings is nie.

Vir mnr. Coetzee van Lichtenburg voel 'n mens lus om te sê: „My volk vergaan omdat hulle sonder kennis is." Van sy brief lei ek egter af dat hy ook een van die O.B.'s was wat die voete van koud geword het toe hy 'n kruitreuk in sy neus gekry het. Ek neem jou nie kwalik nie mnr. Coetzee. Daar was meer O.B.'s wat die veilige skadu van Tafelberg verkies het bo die geledere van die O.B. na daar 'n paar bomme gebars het. Hierdie O.B.'s het toe skielik mos ontdek dat hul beweging 'n rampokkerbende is. Nee, soos ek gesê het, neem ek jou dit nie kwalik dat jy volgens plan terug geval het nie. Wat ek jou egter wel oor kwalik neem, is jou skreiende onkunde omtrent die „bevele van bo." Is bevele dan nou goed wat van onder af moet kom, mnr. Coetzee? Selfs die H.N.P. se bevele kom „bo" van Keeromstraat af. **Maar het jy nou al daaraan gedink dat dat die H.N.P. sy „bevele van bo" nie soos die O.B. tot sy eie mense beperk nie. Nee, hy gaan veel verder. Hy beveel sy bondgenoot watter kandidate hy moet nomineer en beveel die O.B. om nie vir 'n republiek propaganda te maak nie, omdat Britse en Semitiese vriende daardeur aanstoot mag neem.** As ek jy is, praat ek liewer nooit weer van „bevele van bo" nie.

Nog net een puntjie waar ek jou ook moet reghelp, mnr. Coetzee. Jy wil weet waarom die O.B. nie vir adv. Swart as A.K.G. van die Vrystaat aanstel nie. Eenvoudig omdat adv. Swart nie meer lid van die O.B. is nie. **Die H.N.P. het hom deur „bevele van bo" gebied om die O.B. te bedank.** Maar meer nog: dink jy adv. Swart sal vir 'n republiek propaganda maak as hy A.K.G. van die Vrystaat is? Die Adjunk-Kommandant-generaal moet beslis iemand wees wat nie sal skroom om die O.B.-ideaal te propageer nie. Jy sal nie 'n fout maak om „Die O.B." te lees nie. Daarin sal jy 'n oplossing vind vir die meeste van jou tergende partypolitieke probleme.

---

**'n Nuwe metode** van voormilitêre opleiding is deur die Minister van Verdediging in die vooruitsig gestel. Dit sal bestaan uit 'n vrywillige kursus vir seuns net nadat hulle die skool verlaat het. Dit sal 'n jaar duur. Besonderhede word nog uitgewerk.

★

**Die regering** sal genoodsaak wees om wetgewing in te dien om apartheid op busse toe te pas indien die eienaars nie bereid is om dit te doen nie. So het mnr. Paul Sauer, Minister van Vervoer, tydens 'n verkiesingstoespraak verklaar.


DIE KIESKEURIGE MAN
GAAN VIR SY KLERE NA
Kotzé
*omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.*
●
SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.
ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD


## Soos Ons Lesers Dit Sien

# LEIER NODIG WAT KAN SAAMSNOER

**Mnr. E. Adler, Marble Hall, skryf :**

Mede-offisiere en Brandwagte, pas op vir sluipmoord en onthou ons leuse : My Broer se Hoeder.

Die H.N.P. wil ons as stemvee gebruik. Ek stem nie vir my vyande nie want dan stem ek teen my Broer.

Wat het van die veertig of meer eerbare L.V.'s se ooreenkoms geword? Het een van hulle al een woord gerep teen die diskriminasie van hul Leier ? Ek is geheel en al goedgesind teenoor ons regering maar laak die houding van dr. Malan en sy lafhartige aanval op die O.B. en ons geliefde K.G.

Dr. Malan was die man wat sy vinger vir genl. Smuts gewys het met die woorde : „Vat aan die O.B. en jy vat aan my," en net daarna, na hy die groeiende sterkte van die O.B. gesien het en bang geword het vir sy leierskap, toe stap hy oor die vloer van die Huis met verklarings teen sy mede-Arrikaners, iets wat genl. Smuts in sy leeftyd nog nie gedoen het nie. Nou is dr. Malan weer bang vir die geesdrif van die Afrikanerparty want oom Klasie se beleid is aanneemlik vir Engelsman sowel as Afrikaner. Oom Klasie lei met gesonde verstand. Hy is gebore as leier vir 'n volk en wil nie verdeel en heers nie.

Dr. Malan is besig om van ons te probeer Sappe maak, maar dis tevergeefs. Ons sal die stryd tot die bittere einde stry. Die O.B. is saamgesnoer met Broederliefde en ons sal nie huislike twis kry nie, want ons ken net saamstaan en liefde vir ons mede-Afrikaner.

Die O.B. leiding se harte bloei vir samewerking onder alle Nasionaliste, Afrikaner-groepe en Partye maar dis dr. Malan wat altyd met die twisappel te voorskyn kom.

Wat vir my en duisende ander onverstaanbaar is, is dat dr. Malan na alle seksies se stemme vry maar vir die A.P. wil hy dikteer, en dit nadat hy op die A.P. en O.B. se rugge ingekom het.

Ek is vandag al 'n ou man maar ek is trots op my loopbaan. Vir my volk het ek gely maar my sienswyse gee ek nie prys nie. Ek kon nie saam met my geliefde leier, wyle genl. Hertzog, met samesmelting saamstem nie en het nie gesmelt nie.

Broeders ons moet moedhou en ons God bid vir 'n leier wat Engelsman en Afrikaner kan saamsnoer as een Suid-Afrikaner ; dan, en dan alleen sal ou Suid-Afrika seëvier.

ANDER BRIEWE OP Bladsy 6

---

**'N AMERIKAANSE SUPER-FORTRESS het vir die eerste keer in die geskiedenis 'n ononderbroke vlug om die wêreld voltooi. Die reis van 23,000 myl het vier dae geduur. Die gemiddelde snelheid van die vliegtuig was 239 myl per uur. Die vliegtuig is vier keer deur vliegtuie tydens die reis van brandstof in die lug voorsien. Amerika meen dat hierdie vlug 'n bewys is dat die Amerikaanse lugmag enige plek op die wêreld kan bombardeer.**

# WAARDERING VIR SWELLENDAM

**Mev. A. Badenhorst, Riversdal, skryf as volg na aanleiding van die Vryheidsdagviering te Swellendam:**

Kyk tog die grote opoffering! Dit is die gedagte wat deur jou flits.

Ten spyte van die ondraaglike hitte, was die generaalskap van Swellendam goed verteenwoordig, en die allerliefste terrein is gekies vir die gedenkwaardige dag. 'n Mens staan verstom vir die moed en ywer van die mans, en die onmisbare moeders en dogters.

Om die terrein te bereik moes die vragmotors en motor karre oor 'n gevaarlike damwal ry, net 'n paar duim te veel na die een kant en dan . . . . Jy verwonder jou om ou dames en here stadig daaroor te sien ry. Sommige motors en vragmotors was swaar gelaai, nie eens te praat van die tamaai vrag hout vir ons groot vlam vir die aand nie, selfs 'n masjien om elektrisiteit te verskaf, en dit alles oor die dam wal; ja banke, blokke, tafels, roosters, ketels, potte en al die lekkernye, te veel om op te noem, en daardie goed het nie uit die lug neergedaal nie. Ook bewonder jy die moeders wat teenwoordig was met klein ou kindertjies, hoe ongerieflik dit ook vir hulle was. Die werk wat daar verrig is onder die drukkende weer sal beloon word. Wie kan help om vir sulke getroue helpers die grootste respek te koester, en met eerbied te sê: Dankie Here,

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

vir sulke mense wat nie die pad gekies het van die massa nie, maar wel die weg waar vervolging, veragting en beswaddering vir hulle wag, want alleen uit sulkes kan mense gebore word, met geestelike wysheid en deursettingsvermoë.

Aan diegene wat verantwoordelik was vir die organisasie en wat geen moeite ontsien het nie, vir hulle haal ons hoed af.

# VRA VERSKONING

**Mnr. J. J. Esterhuizen, Halgrynstraat 24, Klerksdorp, skryf:**

Graag wil ek langs hierdie weg verskoning vra vir my gedrag op 26 Mei ll. toe ek 'n opdrag van Hoofkommandant Frans Breedt om vir kandidaat Jan Wilkens te stem, veronagsaam het. Ek het toe nie gestem nie. Ek was bitter spyt om teen 'n O.B.-offisier se bevel te handel, maar uit ondervinding van die vorige verkiesing wou ek die H.N.P. se woord nie meer neem nie. My voorstel aan mnr. Wilkens was: Ek en my vrou sal vir u stem mits u eendag wanneer u party weer teen die O.B. diskrimineer, u stem daarteen sal laat hoor, of as ek u eendag daaraan herinner u ten minste skaam sal kry. Hy het my beloof hy sal dit doen. En ek het tot vandag toe nog niks van hom gehoor nie. Of hy al skaam gekry het weet ek nie, want laas toe ek hom gesien het, het hy nie na my gekyk nie . . . want dit was toe nie stemdag nie!



Die Vriendelike Sigaret
**Hoe aangenaam is dit tog om tydens die middaguur te ontspan en sommer lekker rustig aan tafel te gesels en daarna die aangename, koel smaak van 'n Kommando-sigaret te geniet.**
Om elke genot af te rond, rook
Kommando
,In die Stad Rond'

PAKKIES VAN 10, 20 EN 50 MET OF SONDER KURK
G1-1131

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

### BENODIG

**GROFSMID:** Jong getroude man. Uitstekende kennis van grofsmid- en sweiswerk. Tree in verbinding met **hoofkomdt F. J. van Rooyen,** Bus 38, Pearston. 9/3/49

### ALGEMEEN

**AANDAG!** Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — Munisipale Mark, Uitenhage. Adresseer u produkte B/UTH en wees verseker van beste resultate en onmiddellike uitbetalings. — **N. S. Bellingan.** 9/3/49 TK

### BOERMEEL

**BOERMEEL** op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie, per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.

### BOME PLANTE EN SAAD

**Vars, gesertifiseerde** Australiese Bruin en Vroeë Kaapse Plat Uiesaad, 9/6; Silver King-uiesaad, 9/6; Chantenay-wortelsaad, 10/-; Detroit-beet, 5/6, per pond posvry. — **Premiers,** P.K. Schoemanshoek.

**GROENTESAAD EN UIESAAD:** Vars en goewerments gesertifiseerd. Chantenay, 6/6, Detroit en Egiptiese Plat Beet 5/6, Greenfeast Saaderte 1/-, Vroeë Kaapse Plat Ui, Copper King (laat uiesoort), almal 8/- lb. Posvry. Handelsnavrae verwelkom. — **Kango Saadkwekers,** Posbus 107, Oudtshoorn. 16/2/TK

### MEDISYNE

**GRYSHAARWONDER** laat u jonk lyk. Hou u hare fris, gesond, natuurlik en vry van skilfers. Geen kleurstof. Gewaarborg of geld terug. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 2) 2/3/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

### TE KOOP

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant. 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

**G.A. FICHARDT**
**Bpk.**
**HANDELAARS**
BLOEMFONTEIN

## Indiërs Die Sondebokke

**Dit is veral Indiërhandelaars wat die afgelope twee jaar in Durban vervolg is omdat hulle prsybeheer veronagsaam het, blykens getuienis wat aan die kommissie van ondersoek na die onluste in Durban, gelewer is. Die vervolgings was as volg: Indiërs 257, blankes 78, Naturelle 27 en Sjinese 1.**

A.V.B.O.B.
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Bpk.
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

**WAPENS EN AMMUNISIE**
van alle soorte
Groot voorraad .22-Gewere
★
**Manie de Villiers,**
**Plaza-Toiletsalon,**
Voortrekkerweg 102A - PAROW
Telefoon 98-9161
28/8/TK

**RADIOTRONICS**
**(A. Perold en P. Brink)**
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

**DAMESHOEDE,**
*modieus en deftig,*
by
**Steyns**
Die Modewinkel
PAROW

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

*(vervolg van bladsy 5)*

### DR. MALAN NIE ONNOSEL

**Mnr. J. P. Stassen, Bus 1372, Pretoria, skryf:**

Dit is met dank en volle instemming dat ek die brief gelees het van mnr. L. van den Berg, Aliwal Noord (na ek meen 'n ou vriend van my vroeër van Aberdeen). Ek is te meer bly om as uitsondering 'n O.B.-vriend te kry wat dit waag om 'n selfstandige opinie uit te spreek. Ook wil ek dank aan u betuig dat u sy brief opgeneem het daar ek in my vorige brief van 22 deser gesê het dat dit my skyn of u nie briewe van andersdenkende toelaat nie. Ek vra om verskoning.

Tereg sê hy dat die provinsiale verkiesing om meer as net setels gaan en dat elke nasionaal-voelende Afrikaner sy stem behoort uit te bring.

U verweer egter op sy brief is 'n misleiding en op valse veronderstellings gegrond. 'n Mens behoort werklik kinderlik dom te wees om nie te weet dat ons nie die Smuts-houvas op die kiesers kan breek nie tensy elke nasionaal-voelende Afrikaner sy stem **teen** hom uitbring. Skaam u u nie om te wil voorgee as 'n sekerheid dat dr. Malan of enige nasionalis werklik so onnosel is om dit nie op hulle tien vingers te kan aftel nie? Verder is dit 'n onderskatting van die gesonde verstand van die Brandwagte, en 'n ander vorm van vrymesselaarsbriewe.

Daar is 'n gesegde van 'n oog om 'n oog en 'n tand om 'n tand. U en die O.B.-leiding dryf die wraak-motief darem te ver, en eis minstens tien tande en tien oë vir elkeen wat u misgun was. Omdat teen twee O.B.-A.P.-kandidate beswaar gemaak is, doen u nou u uiterste om tien tot vyftien nasionaliste die onderspit te laat delf. Word die wraakneming nie te ver gedryf nie?

Die O.B.-leiding het besluit om nie deel te neem aan die eleksie nie. Hulle sal nie hulle fondse en organisasie daarvoor gebruik nie, maar waarom moet u nou tot vervelings toe druk op die gewone lede uitoefen om nie volgens hulle eie reine gewete te handel nie? Om van „omvattende volkseenheid en samewerking" in u blad te lees is 'n spotterny met die idee waarvoor daardie woorde staan.

☞ **Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B." gesien het.**

### VRYHEIDSDAG EN GETROUHEID

**Hfkomdt. H. C. Luttingh, Markstraat 32, Middelburg, Tvl., skryf:**

Ons het weer die voorreg gehad om nieteenstaande die volkskeuring wat hoofsaaklik veroorsaak is deur die oortreding van die negende gebod (jy mag nie valse getuienis teen jou naaste spreek nie) tog nog op Middelburg rondom die Vryheidsvuur te staan. Ons kon weer 'n stukkie hout neem en op die vuur gooi waarmee ons die belofte van goeietrou bevestig het.

Dit was op 26 Februarie en ons het ook die voorreg gehad om Gebiedsleier, hfgenl. H. M. van der Westhuysen met sy eggenote by ons te hê. Ons kon ook na sy rede luister waarin hy ons die verband gegee het tussen die slag van Bronkhorstspruit en Majuba.

Op 27 Februarie (Sondag) is ons, soos dit elke O.B. betaam, kerk-toe. Daarna is ons gevra om die gesondheid van oom Herman en tant Annie van Niekerk te drink. Hulle het hulle goue bruilof gevier. Albei is voorbeeldige brandwagte. Mnr. Van der Westhuysen het die heildronk ingestel waarna ek ook 'n paar woorde gesê het. Die bejaarde egpaar is 'n voorbeeld van trou. Hulle is nog trou aan die belofte van 50 jaar gelede. Dit het my laat dink aan die fees van die vorige dag. Om getrou te wees is die adel van 'n volk.

Mense wat in God glo kan nie anders as om getrou te wees nie. Maar hoe dikwels het ek al gesien dat man en vrou mekaar voor God trou sweer en wat word daarvan in ons dae? Die eed word 'n meineed en dit is laster.

Afrikaners, afstammelinge van geslagte wat God geken het, ek vra u in Gods naam om terug te keer na die God van die voorgeslagte. Dan sal u weer die betekenis kan verstaan van 'n eed wat u voor God afgelê het. Getrouheid is Goddelik, ontrouheid is Satanies. — (Verkort, Red.)

## Iere Praat Van Veg Vir Vryheid Van Hul Land

**Neal Blaney, parlementslid vir Oos-Donegal in Eire, het op 'n vergadering in sy kiesafdeling gesê dat as daar nie met konstitusionele middele in geslaag word om die verdeling tussen Eire en Noord-Ierland af te skaf nie, „ons, van hierdie geslag, sal moet doen wat vorige geslagte gedoen het — daarop uit te gaan en te veg om afskaffing van die grens."**

**Die geleentheid vir hierdie verklaring was 'n stryddag van De Valera se party.**

**'n Ander lid van die party, Patric McGin, het gesê: „As die dag aanbreek dat dit nodig is, sal die manne en vroue van hierdie party hulle plekke inneem in die gevegslinie om die verlore ses distrikte te herstel."**

## KOM EET IN DIE VRIENDSKAPSENTRUM

**Die ywerige komdte mev. Jeppe is nog elke Woensdag in die Vriendskapsentrum, Groote Kerkgebou 605, waar sy die heerlikste etes teen baie billike prys verskaf. Hierdie diens geskied met baie groot opoffering en vriende word dringend versoek om hul ondersteuning te gee—veral diegene wat in elk geval in die stad moet eet. Die Vriendskapsentrum bied ook gereeld aan tee en koffie asook toiletware en sigarette.**

(vervolg van bl. 7, kol. 5)

breed en 1¾ duim lank) bomekaar.

Korporale: Twee wit strepies. Rangteken word op linkerbors van rok gedra.

Duitse-sis is teen 3/3 per jaart verkrygbaar by Boerejeughoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria (kontant met bestelling).

**Offisiere (d.w.s. Assistent veldkornettes en hoër) van die dogters-afdeling kan nadere besonderhede van hulle drag by Boerejeug-hoofkwartier op aanvraag kry.** Die drag hierbo beskryf is slegs vir Boeredogters (manskappe) en is die enigste erkende drag vir sulke persone.

## Bloemfontein Begin Met Huisfunksies

**Die eerste van 'n reeks baie gesellige huisfunksies is Woensdagaand, 23 Februarie, ten huise van komdte. M. M. du Plooy, van die spoorwegkommando, gehou. Nieteenstaande reënerige weer was die opkoms van offisiere en Brandwagte bevredigend en het van die staanspoor 'n baie aangename gees geheers.**

Genl. Strachan het die gaste welkom geheet en daarna het Hf/komdt. Ferreira 'n kort openingswoord gespreek waarin hy die Brandwagte gemaan het om kalm te bly wyl die storm woed. Hierna het die dames die heerlikste verversings bedien en kon almal deelneem aan alle soorte van vermaak. Aan die einde het genl. Frans van der Walt die dames bedank vir die gesellige aand en die offisiere gemaan om van Vryheidsdag 'n groot sukses te maak. Die mooi sommetjie van £10 is ingesamel.

Hierdie is die voorloper van baie dergelike funksies wat die offisiere van Bloemfontein in die vooruitsig stel. Nie alleen word handige sommetjies met sulke geleenthede ingesamel nie, maar dit bied ook die beste geleentheid aan lede om mekaar te ontmoet en sosiaal saam te verkeer.

**Op Saterdag** die 19de het komdt. Venter en komdte. Van Deventer van Bainsvlei 'n baie geslaagde kommandofunksie gehou wat ook goeie ondersteuning geniet het. By hierdie geleentheid het oud-hoofkomdt. Visser 'n inspirerende toespraak gehou en sy geloof in die voortbestaan van die O.B. op treffende wyse betuig. Hoofkomdt. Vale Ferreira het die politieke situasie behandel en die aanwesiges gemaan om trou te staan en nie hulle ewewig in die verwarring kwyt te raak nie.

**Ten einde kwaadwillige propaganda** in die buiteland teen Suid-Afrika teen te werk, sal daar eersdaags sowat 12 pers-attachés, behalwe die huidige drie, in die buiteland aangestel word. Hulle sal hulle toespits op voorligting.

**BESTEL ALTYD ALLE**
- **KANTOORBENODIGDHEDE**
- **KANTOORMEUBELS**
- **SKRYFBEHOEFTES**

*BY*
**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**
Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD

**BRILLE**
**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 9 MAART 1949

# Boerejeug Dra By Tot Sukses Van Die Wellington-Laertrek

Saterdag, 19 Februarie, was 'n dag wat selfs die Boerejeug sal onthou. Vroeg-vroeg die oggend het seuns en dogters fluks gewerk om die saal in gereedheid te bring en om ook die onmisbare koffie byderhand te hê wanneer die eerste laergangers hulle opwagting by die groot O.B.-laertrekking te Wellington maak.

By die opening moes twee lede van Paarlse Boerejeug die vlag hys. Die Boerejeug-kleingoed was net doenig om knopies, jaarboeke en O.B.-skryfblokke te verkoop vir Gebiedshoofkwartier. En was hulle nie groots op hul taak nie. Dit was 'n wedywering oor wie die meeste kan verkoop.

Die Boereseuns en -dogters het die toesprake noukeurig gevolg en hulle het Komdt. Ben Pienaar soveel liewer gekry toe hy die grootmense van die onmisbare kind van die O.B. vertel. Janee, hulle moes luisteer en ons is daar seker van dat hulle gehoor sal gee aan die pleidooi.

Die Boerejeug van Paarl en Wellington was ook in beheer van die koeldrank-tafel en moes net lelik bontstaan om die oorverhitte kele af te koel. Wanneer die melk (by die grootmense se tafels) opgeraak het, was dit ook die Boerejeug wat moes inspring om weer te gaan haal, of wanneer dames-Offisiere huistoe gebring moes word. Selfs die O.B.-blaasorkes, waaraan 'n paar Boerejeug-lede behoort, verstaan die kuns om met die koperpypies en beesvelle te woel, om nie eers te praat van bierbottels oopmaak nie.

Gedurende die aand toe die K.G., dr. van Rensburg, aan die publiek verduidelik wat die O.B. se houding vir die komende verkiesing gaan wees, moes lede van die Boerejeug ook die Wag bystaan om die heethoofdiges onder beheer te hou. Hulle (die heethoofdiges) moes lelik vir die fris knape geskrik het want hulle het niks gedoen nie, behalwe een swaap wat buitekant probeer vergadering hou het.

Die saal was stompvol en die Boerejeug het gewilliglik hulle plekke vir die grootmense afgestaan. Wanneer die vloer 'n bietjie koud en hard was, het die Boerejeug ook dadelik weer planne gemaak en gesorg dat daar motor-kussings is om onder te sit. So het die Boeregroot mate verantwoordelik jeug gewerk en was vir 'n baie vir die sukses van die O.B.-laertrekking.

(Ingestuur deur A. Viljoen, Paarl.)

# Hiervan En Daarvan

## BY BOEREJEUG-HOOFKWARTIER

Elders op hierdie blad het ons 'n volledige beskrywing met fotos en illustrasies van ons Uniform gepubliseer. Die Uniform van die seuns kos slegs £4. 12. 6. en kan by ons Hoofkwartier bestel word. Ons wil graag die aandag van Boerejeug-lede daarop vestig dat daar 'n groot stormloop sal wees teen die einde van die jaar wanneer almal uniforms wil aanskaf om na die Pretoria-laertrek te gaan. Dit mag wees dat u dit nie betyds kan kry nie. Bestel dus so gou as moontlik en voorkom moontlike vertraging.

U kan ook by ons Hoofkwartier inteken op ons Uniale blad VUURSLAG. Dit verskyn maandeliks en die intekengeld is slegs 3/6 per jaar.

## BOEREJEUG-MONUMENTLAER-FONDS 1949 (16-Desember-Fonds)

In Kaapland is daar reeds 'n begin gemaak om fondse in te samel sodat almal in die geleentheid gestel kan word om die laertrekking by die Voortrekkermonument aan die einde van hierdie jaar, by te woon. Die Redaksie van DIE BOEREJEUG het verlof gekry om 'n erkenningslys in DIE BOEREJEUG te plaas van al die fondse wat deur elke afdeling of persone vir bogenoemde fonds inbetaal word. So sal ons elke maand kan sien watter afdelings werk vir die fonds en hoeveel elke afdeling ingesamel het. Ons sal dan ook altyd op hoogte bly van die sterkte van die fonds. Die lys sal vanaf 23 Februarie maandeliks in DIE BOEREJEUG geplaas word.

Ons doen 'n beroep op die Ooms en Tannies om ook so af-en-toe 'n paar pennies af te knyp en aan BOEREJEUG-MONUMENTLAER-FONDS, Posbus 1411, Kaapstad te stuur. Hoe lyk dit met 'n paar ?-ponders?

## VERJAARDAG-KETTING

Ons kondig weer aan dat die Verjaardag-ketting weer sal verskyn vanaf 20 April. Boerejeug-lede moet nie te laat wag om hulle name en adresse aan ons te stuur nie. 'n Vriendelike beroep word ook op die Offisiere gedoen om ons hiermee behulpsaam te wees deur die name en verjaardag-datums van Boerejeug-lede aan ons te stuur. Onthou dat ons adres nou posbus 1411, Kaapstad, is.

## BRIEWE-KOLOM

As gevolg van gebrek aan plaasruimte verskyn ons briewekolom weer volgende keer. Skrywe maar in die tussentyd.

# BOEREJEUG-NUUS

## BELLVILLE HOU GESELLIGE BYEENKOMS

Die Boerejeug van Bellville was onlangs gesellig byeen by die huis van J/Komdte. A. Cloete. Die stramheid wat gewoonlik aan die begin van so 'n byeenkoms heers, het spoedig verdwyn toe ons „masels" begin speel het, en 'n vrolike gees het geheers.

Ons het 'n aangename aand deurgebring en lekker gelag vir Veldknt. du Toit se komiese toneelspel en Marie Tredoux se grappe. En wie kon 'n mooier duo sing as Marie en Lampies? Ons is bedien met heerlike koek, tee en koeldranke. Te gou was dit tyd om huis-toe te gaan. Nadat ons vir laas die Boerejeuglied hartlik saamgesing het, is ons weer uiteen.

## SMAAKLIKE ETE IN KAAPSTAD

Die Boerejeug, Kaapstad-Sentraal, het op 25 Februarie 'n dinee in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou gehou. Talle Ooms en Tannies het hulle opwagting gemaak en was verras om so 'n smaaklike ete te kan geniet. Veral die heerlike gebraaide skaapvleis, wat 'n seldsaamheid in Kaapstad is, het groot byval gevind.

Na afloop van die dinee is daar volkspele gespeel en koeldrank is bedien. Die dogters het mooi ruikertjies en naaldwerk verkoop. Die Boerejeug was verras toe hulle ontdek dat hulle nie minder nie as £7. 0. 0. alleen van die dinee ingesamel het.

Ons bedank graag al die ouers en vriende wat so hartlik meegewerk het om die aand 'n sukses te maak, maar hulle betreur die feit dat daar so weinig belangstelling van die kant van die plaaslike groot-O.B.-offisiere getoon is.

## VOLKSPELE TE GOODWOOD


Goodwood se Boereseuns het hul „16-Desember-fonds" geopen met die mooi bedraggie van byna £2. 0. 0. Die geld is ingesamel by wyse van 'n volkspele-aand.

Alles was deeglik vooraf gereël, die saal bespreek, verversings voorberei en uitnodigingskaartjies aan die O.B.-lede gepos. Die saal was weer gepak met spelers en soos die vorige keer het ons baie goeie ondersteuning van die plaaslike N.J.B.-lede gekry. Baie teleurstellend was die swak opkoms van die O.B.-ouers en vriende aan wie spesiale uitnodigings gestuur was. Daar was ongeveer 'n goeie 100 buitestaanders teenwoordig. Ons sal werklik meer ondersteuning van die O.B.-kant waardeer. Onthou, die Boerejeug van vandag is die Ossewabrandwag van môre.


## PAARL AAN DIE WERK

Die Boerejeug van die Paarl het aan die begin van die jaar besluit om van alle moontlike kanse gebruik te maak om fondse vir die Boerejeug-Monumentlaer-fonds in te samel. Hulle is reeds hard besig daarmee en hoop om Boerejeug-lede van die Paarl se reiskoste en selfs hulle uniforms te betaal. Hulle doen 'n beroep op die publiek om hulle ondersteuning te gee waar moontlik.

# BOEREJEUG-UNIFORM







Sleutelsteenteken.

## Drag van die Boereseuns-afdeling

*Boerekleingoed, Boereseun, Onderoffisier*

1. **Broek:** Groen-kakie kortbroek, met breë (2 duim) bruin lyfband.
2. **Hemp:** Groen-kakie hemp; twee sakke met klappe; opgerolde moue; sagte boordjie; skouerlissies.
3. **Das:** Donkergroen das met O.B.-wapen as dasspeld (vir seuns bo 12 jaar).
   **Nekdoek:** Vir die Kleingoed — 6 tot 12 jaar: Donkergroen kortpunt nekdoek onder die hempskraag gedra. Punte voor aanmekaar geknoop en onder lyfband ingesteek. Swart hout nekdoekringetjie, ongeveer ½ duim wyd.
4. **Kopstuk:** Breërand Kakiegroen hoed met regterkant opgeslaan, met 'n volstruisveer waarvan 1 duim uitsteek.
5. **Skoene:** Bruin skoene met lang kakie sokkies.
6. **Kentekens:**
   (a) Wapen aan opslaankant van hoed gedra.
   (b) Sleutelsteen word op beide kante van die hempskraag gedra.
7. **Rangtekens:**
   Sersant: Drie wit strepies (wit materiaal, elk ¼ duim breed en 1¾ duim lank), bomekaar.
   Korporaal: Twee wit strepies bo-mekaar gedra.


Rangtekens word op linker mou (bo-arm) van hemp gedra.


Die volledige uniform vir die seuns-afdeling (uitgesonderd die nekdoek vir die kleingoed) is teen £4.12.6 by Boerejeug-hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria, verkrygbaar. Meld asseblief die mate. (Kontant met bestelling.)

## Drag van die Boeredogters-afdeling

*Boeredogters en Boerekleingoed*

1. **Rok:** Volgens afbeelding A.
   (a) **Materiaal:** (1) Donkerblou Duitse-sis met klein ontwerpie in wit. (2) Donkerblou voering vir rok.
   (b) **Versiering om hals en moue:** Wit kantjie.
   (c) **Lengte van rok:** Op die knieskyf. Kleingoed ietwat korter.
   (d) Rok kom agter oop: vasgemaak met hakkies en ogies. Voor met twee koordjies.
2. **Voorskoot:**
   (a) Volgens afbeelding D.
   (b) Materiaal: Wit linne.
   (c) Lengte 2 duim bokant lengte van rok.
3. **Mantel:**
   (a) Volgens afbeelding C.
   (b) Materiaal: Enige donkerblou materiaal wat maklik drapeer. Voering donkerblou.




   (c) Lengte: Tot by heupe.
   (d) Word voor vasgemaak met hakkies en ogies.
4. **Kappie:**
   (a) Volgens afbeelding B.
   (b) Materiaal: Wit linne.
5. **Skoene:**
   Plathak swart toerygskoene.
6. **Kouse:**
   Wit sokkies sonder strepe.
7. **Kentekens:**
   (a) Wapen as borsspeld.
   (b) Sleutelsteenteken op voorskootsak.
8. **Rangtekens:**
   Sersante: Drie wit strepies (wit materiaal, elk ¼ duim

(vervolg op bl. 6, kol. 5)

# „Die Hemel Help As Ons Dit Meen"

**'n Kommentator in die Cape Times som die politieke toestand in Suid-Afrika na aanleiding van die politieke gekyf, as volg op: „Suid-Afrika sal van nou af totdat die verkiesing verby is net politiek eet, slaap en praat. Dit is ongelukkig — maar dit is Suid-Afrika.**

„Van nou af tot 9 Maart sal ons mekaar uitskel vir skurke, renegate en al die beledigende byname wat daar in ons Engelse en Afrikaanse woordeskat is.

„Ons weet dat dit slegs ons klein manier tydens verkiesingstyd is en dat onder dit alles ons werklik nie so sleg van die ander persoon dink nie.

„Ongelukkig verstaan die buitewêreld nie ons skynbaar kranksinnige redenering nie: hulle verstaan dit glad nie. Hulle dink dat ons meen ons moet ernstig opgeneem word. **As ons is, bewaar die Hemel ons."**

### 'N SPEL

**Gelukkig vir die Engelsman wat geskool is in die partystelsel, neem hy die drukte van partytwis op as 'n spel, en vergeet hy dus weer wat gesê of gedoen is na die verkiesing of na die debat in die volksraad.**

**Ons Afrikaners daartenteen, wat hierdie stelsel nie verstaan nie, neem die partypolitiek op as 'n saak van lewe of dood. Na die verkiesing is ons nog maar vir mekaar „hanskakies," „volksverraaiers" en „Nazi's" en weier ons selfs partymaal om saam in een kerk te sit.**

**Geen wonder dat die Engelse vir ons lag kry nie!**

# Sowjet Trek Kop In Vir Buitewêreld

**Die herskommeling in die Sowjet-regering, waardeur Molotof as minister van buitelandse sake deur Wisjinski, die luidrugtige Rus van die V.V.O., vervang is, word deur waarnemers in al die lande druk bespreek. Geen verklaring kan nog vir die omspannery gevind word nie, behalwe dat dit moontlik 'n aanduiding van 'n verskerping van die „koue oorlog" kan wees.**

Molotof is nie gelikwideer nie, maar sal Stalin nou bystaan as adjunk-premier. Saam met hom is ook die minister van buitelandse handel, Mikojan, van sy verantwoordelikhede losgemaak. Sy plek word nou geneem deur Mensjikof.

Daar word op gewys dat die Sowjet in die verlede sy groot koppe soveel moontlik van die buitewêreld afgesonder het, en dat daar tans blykbaar tot hierdie gewoonte teruggekeer word.

# „Pad van S.A. Behoort Nie Aan Een Party"

(vervolg van bladsy 1)

bliek gedurende sy bestaan gevrywaar was van die nadelige invloede wat na dit skyn, die demokrasie nou eenmaal met hom meebring, nl. die partystelsel. . . . Van al die pragtige trekke wat die Vrystaatse Republiek geopenbaar het, was hierdie afwesigheid van politieke partye seker die mooiste.' Dit is wat ons aan u wil terug-gee. Moet dan nie u onkunde so openbaar deur te sê ons wil iets vreemds hier oorplant nie," het genl. Vorster gesê.

### ONS HOUDING

Aan die Engelssprekendes word ons dikwels as 'n gogga voorgehou. Ons is bereid om met hulle saam te werk op 'n basis van Suid-Afrika eerste.

Teenoor die nie-blankes in die land is ons houding dat die tradisionele skeidslyn tussen die rasse gehandhaaf moet word. Dit mag nooit uitgewis word nie.

Wat is ons houding teenoor die Afrikanerparty? **Mnr. Havenga het by meer as een geleentheid gesê dat hy nie die O.B. se ideologie onderskryf nie en ons het hom nie kwalik geneem nie. Maar omdat ons albei glo dat nie die A.P. of die O.B. die einddoel is nie, maar die volk, daarom kan ons ter wille van die volk saamwerk.**

Ons het die verkiesing van 1948 verdeeld tegemoet gegaan en ons het gejuig omdat ons ons deel kon bydra. Maar die vete teen die O.B. is weer uitgehaal. Die A.P. was verplig om sy kandidate terug te trek omdat diegene wat lid van die O.B. is, nie aanneemlik was vir die bondgenoot nie.

**Daar moet egter onthou word dat die pad van Suid-Afrika nie 'n privaat pad is nie, of die pad van een party alleen nie — dis die pad van die hele volk.**

### WITMAN

„In 1948 het hulle my kwalik geneem omdat ek deelneem aan die verkiesing en nou word ek weer kwalik geneem omdat ek nie wil deelneem aan die verkiesing nie.

„Op 25 Februarie het min. J. G. Strydom op Alberton verklaar dat hierdie stryd ,geen provinsiale stryd tussen die H.N.P. en V.P. (is) nie, maar dit gaan om die lewe van die witman.' **Laat dit dus duidelik wees, dit gaan nie oor die H.N.P. of O.B. se beginsels nie," het genl. Vorster gesê. „Maar as dit dan so is, is hierdie O.B.-offisiere, wat die H.N.P. ook in die Paarl nie wou aanvaar as A.P.-kandidate nie, dan nie ook aanneemlik vir die stryd om lewe en dood van die witman nie? Uit die weiering kan net twee gevolgtrekkings gemaak word: die O.B.-offisiere is nie wit nie, wat 'n geklike gevolgtrekking is, of hulle is te sleg om deel te neem aan die stryd van die witman — so sleg dat geen witman vir hulle kan stem nie.**

**„Ons het waaragtig nie so 'n insinuasie verdien nie. Toe nasionale Suid-Afrika in gevaar was gedurende die oorlog, het ons nie gehuiwer om ons self in die bresse te gooi nie, hoeveel te meer sal ons dan nie offer as blank Suid-Afrika in gevaar is nie?"**

### KOPPE TEL

Op 9 Maart sal daar koppe getel word om te kyk wie staan by die H.N.P. en wie by die V.P., en mense wil sien of hulle alleen kan staan. **„Ek gee nie om hoe sterk mense op hulle bene staan nie, maar elke Afrikaner is nodig om Suid-Afrika te red. Waarom word ander Afrikaners dan so in die gesig geslaan?**

„Die Transvaler sê dat hulle nie met die O.B. kan saamwerk nie omdat ons Nasionaal-Sosialistes sou wees. Is dit waar? **Twee bewegings wat uitgesproke Nasionaal-Sosialisties is, die Nuwe Orde en Gryshemde, werk hartlik saam met die H.N.P. Die argument gaan dus nie op nie.**

**„Daar is net een rede, en dit is 'n blinde haat teen hierdie organisasie en sy leier, Hans van Rensburg.**

„Daarom herhaal ek dat hierdie verkiesing niks anders as 'n koptellery is en my kop sal seer sekerlik nie onder daardie koppe wees wat getel word nie. Die regering is nie op die spel nie want een deel van die regering, mnr. Havenga, neem nie deel aan die verkiesing nie en volgens die gebruike van die Britse parlementêre stelsel sou hy reeds uitgeskop gewees het as die regering in gevaar was, en hy sit nog in die regering selfs sonder 'n verwyt van H.N.P.-kant.

**„Daar is 'n kanker in ons volkslewe — die idee naamlik dat jy kan klaarkom sonder jou mede-Afrikaner — en daardie kanker moet diep uitgesny word op 9 Maart.**

**„Mense moet dit as 'n feit aanvaar dat die Ossewabrandwag gekom het om te bly en dat hy nie sal ontbind nie omdat sy beginsels voortgedra word in die hart van die volk. Ons wil die land skoon maak van wat vreemd is. Vryheid lê nie in die skree van hoera of die hys van 'n vlag nie, maar om jouself te wees binne dit wat jou eie is.** Ons het geen keuse nie as om die stryd tot die einde voort te sit omdat ons beginsel reg is en ons leier groot," het spr. onder oorweldigende toejuiging verklaar.

# AMBASSADEUR DIEN KLAG IN TEEN PARTYPOLITIEK

**Die „betreurenswaardige en skadelike gebruike" van die partytwiste in die Suid-Afrikaanse politiek, is die afgelope week deur mnr. Charles te Water, die Unie se Buitengewone Ambassadeur, betreur toe hy na 'n besoek aan Europa en Amerika teruggekeer het. Hy het dit beskryf as uiters skadelik vir die belange van Suid-Afrika.**

Mnr. Te Water het verwys na die beswaddering van die Unie in die buiteland en vervolg: „In hierdie moeilike, in werklikheid gevaarlike, toestand wat die een regering na die ander patrioties probeer bestry en regstel het, het ons nou ongelukkig ons huishoudelike partytwiste laat indring, met onverskoonbare kortsigtigheid en **gebrek aan wysheid, en tot die vreugde van ons beswadderaars en die uiterste teleurstelling van ons vriende. Ons huis staan voor sy vyande verdeel.**

„In oomblikke van delikate bespreking en onderhandeling oor sake van die uiterste nasionale belang, onderneem in belang van ons voorspoed en die ontwikkeling van ons land, en toe die tekens gunstig was, **het hierdie onverstaanbare optrede, hierdie uitvoer van wat die mins aangename en mees ongesonde in ons volkslewe is, hulle uitdagend op die voorgrond gestel. Die moeilikhede en sorge van my taak, wat nooit maklik was nie, is daardeur ongevraag vererger.**

**„Dit skyn my dus reg te wees om by my terugkeer in Suid-Afrika die aandag op hierdie betreurenswaardige en**

## „Skadelike Gebruike"

**skadelike gebruike te vestig en te pleit dat dit vir altyd uit ons politieke strydperk geweer word sodat dit geen verdere skadelike rol in ons reeds te komplekse politieke lewe in ons land kan speel nie."**

# Geskiedkundige Vlag Aan K.G. Oorhandig

**Die Vryheidsdagviering te Amajuba waar die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, aanwesig was, was 'n groot sukses en die vryheidsvuur het weer op die kruin van Amajuba gebrand. Brandwagte het reeds vanaf Vrydag begin kamp opslaan. Onder hulle was ook ds. S. J. Stander. Genl. Piet Badenhorst van Harrismith was in bevel van die verrigtinge.**

Die vroue van Gebied D het hulle baie knap gedra en gedurende die verrigtinge £90 ingesamel.

Die amptelike verrigtinge het Saterdagmôre begin met 'n vlagparade. 'n Flinke erewag het die K.G. en mev. dr. van Rensburg om twaalfuur ingewag. Gedurende die middag het die offisiersvergadering plaasgevind by welke geleentheid die K.G. die woord gevoer het. Offisiere het vrylik aan die bespreking deelgeneem en daar is gevoel dat die O.B. nie aan die provinsiale verkiesing kan deelneem nie.

Die feesgangers is die middag toegespreek deur ds. S. J. Stander en die K.G. By hierdie geleentheid het genl. R. Meyer 'n geskiedkundige vlag aan die K.G. oorhandig.

Gedurende die aand is die verrigtinge plegtig van stapel gestuur en twee vure, een aan die voet van die berg en een op die kruin, het om nege-uur hoog opgevlam.


Sondag het ds. Stander die biduur gelei en ook die diens waargeneem. — (Korr.)

(Verantwoordelikheid vir alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe word, tensy anders vermeld, aanvaar deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerk-gebou 703, Kaapstad.)

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# UITGESKOP OMDAT HY O.B. WAS

**'n Verklaring dat hy uit die senaat geweer is omdat hy lid is van die Ossewabrandwag, is op 26 Februarie deur oud-sen. Naas Raubenheimer gedoen by geleentheid van 'n Vryheidsdagfunksie te Pretoria.**



**Oud-Sen. I. V. W. Raubenheimer**

Die O.B. het baie min vriende. **In verkiesingstye wil hulle ons stem hê, maar hulle is nie bereid om die broederhand blywend aan te bied nie, het hy gesê.**

Sedert 1939 het spr. probeer om jong Afrikaners wat geïnterneer was, uit die kampe te kry.

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

Die vraag wat hy homself stel is: Wat het ek gesondig?

Die O.B. streef na 'n Republiek nie net vir 'n deel van die volk nie, maar vir die hele volk. Elkeen wat sê: „Suid-Afrika eerste," sal ons verwelkom in hierdie stryd. Spr. verheug hom daarin dat die vryheidsfees ter wille van die Republiek vandag landswyd gevier word.

# MOET NIE DEELNEEM AAN PARTYPOLITIEK

Waarskuwings aan studente dat dit vir hulle onwenslik is om aan die partypolitiek deel te neem, is die afgelope week uitgespreek deur die prinsipaal van die Universiteit van Witwatersrand sowel as die prinsipaal van die Universiteit van Kaapstad.

By die opening van die universiteit het mnr. H. R. Raikes (Witwatersrand) verklaar dat dit onvanpas is vir studente en dosente van 'n universiteit om toesprake ter ondersteuning van enige politieke party te hou. Buitekant die universiteit kan die student sy eie mening omtrent sake hê, het hy gesê.

Dr. T. B. Davie (Kaapstad) het verklaar dat hy politieke groepe in die universiteit ontmoedig. Politieke besprekings lei altyd tot botsende teorie, het hy gesê.

Die Minister van Pos- en Telegrafie het aangekondig dat daar 'n kommissie van ondersoek aangestel is om die griewe van amptenare in sy departement te ondersoek.